



MODULE 3

BYBELSTUDIES

CHRISTEN-JOODSE STUDIES Volgelingen van Jesus Christus (1957)

**’n Gratis, Praktiese Selfstudieprogram
Gebaseer op die VJC RTSP model**

**Vir gelowiges wat Jesus as Verlosser bely en wie graag
hulle kennis wil aanvul of verryk deur selfstudie**

Die Naam van "Jesus"

Hoe behoort ons hierdie baie belangrike saak te benader?

Besprekingspunte:

Die Naam van God in die Ou Testament (Yahweh) teenoor die Nuwe Testamentiese “Yeshua”

Die “El” aanbedding en veral verwysend na die “Elohim” bewoording

Die Naam van Jesus en hoe dit vertalingsprosesse deurloop het met spesifieke verwysing na antieke tale en hulle impak

Die nuwe Naam in die Openbaringe Boek

Inleiding

Daar was maar altyd 'n hewige konflik tussen die verjoodsers (judaïseerders) van die Christelike geloof en tradisionele Christendom oor hierdie betrokke saak. Die vraag is natuurlik, is daar enige grondige rede waarom ons die Naam van "Jesus" moet verwerp en indien nie, hoe behoort ons die saak te hanteer en veral gesien in die lig van dieselfde tipe fanatisme wat weereens die kop uitsteek, dit is dan soortgelyk aan Paulus se stryd wat hy in sy tydperk met hierdie selfde tipe strydlystiges gehad het?

Jesus was inderdaad die mees invloedryke figuur in die geskiedenis van die mensdom. Hy het nie alleenlik met Sy boodskap die Joodse geskiedenis beïnvloed nie, maar Hy het inderdaad die gang van die geskiedenis wesenlik beïnvloed. Sy impak op die mensdom was dan, om die minste te sê, enorm. Maar om hierdie waarheid fanaties te wil dryf en om dan voor te gee dat Jesus om hierdie rede des te meer as 'n afvallige Naam beskou behoort te word, spreek duidelik van fanatisme. Die saak trek dan nie water nie.

Die vraag word dikwels gevra en veral deur diegene wat so graag die Joodse uitspraak (Yeshua) ten alle koste wil dryf, naamlik, "Waarom sou Sy Naam dan aangepas moes word, dit is by die onderskeie wêreldtale en dan veral Grieks en Latyn, die twee tale wat ewekansig saam met Hebreeus/Aramees aangewend was ten tye van die uitgang van die evangelie? Waaroor ons egter goed moet nadink, is dat die boodskap van Jesus onder baie moeilike omstandighede verkondig was. Dit was dan nie net summier aanvaar as absolute waarheid nie. Die gekruisigde Messias was allesbehalwe eenhonderd persent aanvaarbaar vir die Jode en Hy was dan inderdaad deur Sy eie volk, "...verag en nie geag nie, 'n Man van smarte en bekend met krankheid..." (Jes. 53). Die apostels het natuurlik ook opdrag van Jesus ontvang om nie die boodskap net vir hulleself te hou nie maar hulle moes dit ook aan die heidene wat in duisternis gesit het, verkondig het.

Die oordrag en uitdra van die evangelie was dan allesbehalwe maklik en daar was gewis en seker dan kulturele en taalkundige uitdagings wat elke apostel en sendeling in die gesig sou gestaar het. Dit is inderdaad so dat die boodskap aanvanklik onder die Jode versprei was en hiermee bedoelend natuurlik daardie Jode wat hulle onder die heidendom gevestig het (die diaspora Jode sogenaamd) en wie selfs gehelleniseer het (hulle het die Griekse taal en gebruike as hulle eie aangeneem en selfs hulle kultuur). Tog het hulle wesenlik Jode gebly – soos wat 'n ultra-ortodokse Jood byvoorbeeld sou verengels het maar wie nogsteeds die Ou Testament en veral die Torah-voorskrifte getrou sou bely het. Dit is veral hierdie tipe Jood wat na "Joshua" sou verwys het in plaas van "Jesus". En daar was natuurlik onder die diaspora-konglomeraat ook proseliet-Jode, Jode wat vanuit die heidendom hulle tot die Joodse geloof bekeer het en wie dit dan as eg en werklik aangehang het. Uit hierdie "heidendom" proseliete was daar natuurlik ook heidene wie se voorsate met die Jodendom vermeng het, en andersom.

Dit sou dan logies wees om te redeneer dat die apostels eerstens die boodskap onder hierdie tipe teikengroep sou verkondig het. Hulle was vertrouwd met die Ou Testament en hulle sou dan die boodskap van Jesus, self 'n Jood en opgevoed in Joodse gebruike (Gal. 4), beter kon begryp het as byvoorbeeld 'n heiden wie niks van God en Sy gebod geweet het nie. En die uitspraak van die Naam van Jesus in Aramees/Hebreeus (Yeshua) sou dan inderdaad geen probleem vir hierdie gehoor geskep het nie. Dus sou die Naam "Yeshua" aanvaarbaar onder hierdie sektor geword het. Maar was dit wel totaal-en-al, ook deurlopend, die geval?

Uit die Griekse impak asook die Romeinse oorheersing gedurende die eerste fase van die verspreiding van die evangelie onder die nasies - die milieu wat die boodskap omring het - behoort ons tog te kan aflei dat aanpassings wel gemaak sou moes word en om hierdie rede verklaar die apostel Paulus tereg dat ons “alles vir almal” moet wees. Vir die Jode was hyself dan inderdaad `n Jood, vir die Grieke soos `n Griek, vir die Romeine soos `n Romein en wat anders sou dit ingesluit het as juis die baie belangrike taalgebruik, selfs kulturele aanvaarding van sy betrokke gehoor, nie waar nie?

Nou, wat natuurlik in gedagte gehou behoort te word, is dat Grieks, `n Mediterreense taal wat ook in Palestina gepraat was, sekerlik die gebruik van die Naam van die Verlosser, Yeshua, aanvaarbaar sou gemaak het, dit is vir Griekssprekendes en, soos wat dit dan wel die geval sou gewees het met enige tipe taalvermenging en wat veral op fonetiese oordrag ingestel sou wees, dit is dan ook tussen Jood en heiden, en veral met die belangrikheid van Koine (common) Grieks in gedagte en wat dan wel deur die apostels of ten minste sommige van hulle gepraat of ten minste verstaanbaar sou gewees het – die heidense wêreld was nie Hebreeus- of Aramees- nie, eerder Griekssprekend. Waar die boodskap dan aanvanklik verbaal oorgedra was (dit is in die vroegste fase van die uitdra van die evangelie en veral onder die heidene) sou `n Semitiese “tongvalnaam” soos “Yeshua” dan maklik `n Griekse weergawe kon ontlok het.

Ons behoort veral in gedagte te hou dat die evangelie nie akademies uitgedra was nie. Dit sou beslis nie op taalkundigheid en taalreëls ingestel gewees het nie. Hierdie tipe ingesteldheid was die taak van die skrywers en dan nie van die gewone bevolking nie maar dit behoort tog duidelik te wees dat die evangelie aanvanklik uitsluitlik verbaal oorgedra was. Dit het veral in krag uitgegaan en dit was dan ook gedompel in die gees van ervaring, lewe, belewenis en Heilige Gees-salwing, en alhoewel die apostels inderdaad ingestel was om die korrekte boodskap soos wat hulle dit van Jesus ontvang het, oor te dra, het alles rondom die werklikheid van `n verrese Jesus (Yeshua) gegaan en nie om teologiese verklarings en veral aan die hand van geleerde retoriek en filosofiese redenasies nie.

Die aanvanklike volgelinge van Jesus was hoofsaaklik en in die algemeen dan gewone mense wat teen uitermatige groot uitdagings te staan gekom het om die kruisboodskap te verkondig onder heidene wat uit die aard van die saak dan meer notisie sou geneem het van hulle eie filosofie wat hulle vrae op logiese wyse kon beantwoord, ook op hulle afgode wat hulle gemoedsrus sou kon gee, eerder as om te wou luister na `n onlogiese bloedoffer van `n heilige man en dit aan `n kruis – en wie vir die Jode in die algemeen eintlik maar dood gebly het.

Die apostels en hulle bondgenote (hulle direkte volgelinge) moes dan inderdaad `n boodskap teenoor heidense afvalligheid bring en daar sou dan definitief nie tyd gewees het, op daardie stadium, vir dissertasie op dissertasie oor die “korrekte” uitspraak van die Verlosser se Naam nie. Net om die gawes van die Heilige Gees brandend te kon hou, dit wat die deurslag aan die eerste eeuse boodskap gegee het, was op sigself `n groot uitdaging vir die vroegste kerk se sendelinge en om hierdie rede het hulle hulle dan ook intens opgeoffer vir Christus en vas, gebed en toewyding aan God was duidelik hulle leerskool en onderbou van die fondament wat so getrou deur hulle vir ons as hulle nageslag gelê was.

Nou hoe bring dit ons dan uit by die Griekse Naam in plaas van die afdwing van die Naam van “Yeshua” soos wat die verjoodsers dit tot vandag toe wil hê? - “verjoodsers” bedoelend fanaties

ingestelde Christen-Jode wat weereens, en soos wat daar in die vroegste Pauliniese era ook dieselfde tipe was wat alles Joods wou hou en wie dan ook die heidene wou dwing om nie net die Naam van die Seun van God Hebreeus/Aramees te hou nie, maar wie ook van hulle verlang het om hulle dae, maande en jare in dieselfde gees en gesindheid (die Joodse kalender en al die onderskeie rituele daarby vervleg) in dieselfde maat te onderhou. Vir hierdie tipe sou die Griekse “Ἰησοῦς” (uitspraak *ie-ay-sous*, dit is volgens algemene mening) dan allesbehalwe aanvaarbaar gewees het. Word daar nie nogsteeds fout gevind met die Septuagint-vertaling nie en was daar nie inderdaad `n behoefte aan so `n Griekse vertaling in die dae van Ptolemy nie? Dit blyk dan ook dat as dit van die “Jodegenote” sou afgehang het, sou ons geen Griekse weergawe van die Ou Testament ooit gehad het nie. En hoe sou die evangelie dan ooit kon versprei het onder die nasies? Maar die kwessie is natuurlik, en dit was nog maar altyd die Joodse Naam, Yeshua, teenoor veral die Griekse Ἰησοῦς (Iesous) wat natuurlik die pad oopgemaak het vir die Latynse *Jesus* ook die latere Middel-Engels *Jesus*. So, wat ons hier te make het, is die ekstremes teenoor die meer gematigdes en dit kom om hierdie rede voor asof hierdie spesifieke saak nooit behoorlik bygelê sal word nie.

Wat ons dan veral in gedagte behoort te hou is dat die ware en korrekte uitspraak van Grieks, tot `n groot mate toe, verlore geraak het, dit is soos dit voorkom, en nie dan net beperk tot antieke en klassieke/hellenistiese Grieks nie maar ook tot Koine Grieks, die taal waarin die apostels hulle boodskappe ook oorgedra het, dit is soos wat hulle in Hebreeus/Aramees gedink het en dit dan oorgedra het in Grieks. Om hierdie rede vind ons `n sterk Joodse inslag in die Nuwe Testamentiese apostoliese geskrifte. Daar is egter tot vandag toe twee kampe: (1) Die groep wie vasglo dat die teks in geheel (die NT teks) in Aramees geskryf was, teenoor `n ewe sterk faksie wat glo dat Grieks die taal was (veral Koine Grieks) waarin die apostels hulle boodskap ingeklee het.

Feit is, Grieks was belangrik en inderdaad so belangrik dat die Romeinse adel en belangrikes onder die bevolking – ook die wat belangrik wou wees - dikwels verkies het om in Grieks te kommunikeer en nie in Latyn nie. Nou wat sê dit vir ons? Veral vir Paulus wie wesentlik onder die heidendom gearbei het, sou die inhoudelike van die boodskap van die allergrootste belang gewees het, naamlik om die sondaars wie hy bearbei het, behoorlik na die Verlosser van die wêreld te lei (1 Tim. 1.15). Dit is met ander woorde eerder as om hoofsaaklik op die korrekte “Joodse” uitspraak te fokus. Feit is, Paulus wou die boodskap van die gekruisigde Christus onder die Korinthiërs dan hoor en ons kan gevolglik aflei uit sy betoog, dit is volgens sy briewe, ook sy wedervaringe onder hulle, dat die kern van die boodskap van die allergrootste belang vir hom was. `n Lewe dan verborge in God en nie net `n ingesteldheid op woorde en verklarings van persoonlike oortuigings nie.

Jesus (Yeshua) as Ἰησοῦς (Iesous) - Is dit inderdaad so `n groot saak? Dit is gesien die evangelie teen die agtergrond van sy besondere uitdagings en ontplooiing onder die heidense nasies?

Kom ons kyk weereens na die Naam en sy “vreemde” uitspraak, veral in Grieks. Die korrekte uitspraak is volgens die meeste kundiges *ie-ay-sus* (Daar is wel ook diegene wat nie die êta as “hayta” uitspreek nie maar kom ons gee gelyk aan die algemene siening en uitspraak. Een en almal wat hulleself as kundig beskou, is eens dat die korrekte uitspraak van Grieks, ook Koine Grieks, wel verlore geraak het en baie gaan dan volgens moderne Grieks wat sekerlik ook sy eie taalkundige aanpassings sou deurloop het, soos wat dit die geval met enige lewende taal is. “*ie-ay-sous*” is dan wel die “ie” uitgang en nie die “Jesus”-uitspraak nie. Tog behoort ons hierdie saak meer objektief te beskou want om hierdie rede het “Jesus” inderdaad gelei tot die Middel-

Engelse gebruik van “J” - hierdie saak, dit is met betrekking ook tot Ou Engelse taalkundige gebruike, word later in hierdie artikel aangeroer.

As mens Grieks sou uitspreek soos wat dit in die algemeen voorgeskryf word, sou ons dan die Engelse “Jesus” as “Iesous” moet uitspreek – dit is nou met die klem op die “ie” vokale en dit sou dan as `n verlengde “Ieesous” uitgespreek word en nie as `n kort “I” nie. Sekere segspersone is geneig om dit as “Iesoes” uit te spreek, dit is as `n kort, amper vinnige uitspraak, terwyl dit eintlik “Ie-ay-sous”, of soos dit dan voorkom, “Ieêsous” behoort te wees met ander woorde soos in verlengde vorm. Dit is in Grieks – beide uitsprake, en met die verlengde vorm in gedagte - blyk dan aanvaarbaar te wees. Sou ons dit egter vinnig uitspreek, kom dit wel op `n sagteasem Ie-(j)ay-sous neer, dit is met ie-ay in gedagte, soos wat mens `n aspirant sou uitspreek (met die h-klank in gedagte maar tog ook met `n opmerklike verskuilde j-klank, dit is met hierdie tipe koppeling. Sou ons egter die Naam as “iesis” uitspreek, sal ons natuurlik dit kan verwar met die Griekse afgod, Isis. Mens kan dan baie maklik iets in `n woord of bewoording inlees, maar behoort ons nie ingestel te wees om “korrektheid” dan ten volle aan te wend nie? Wat ook baie interessant is, is die volgende:

Die iota (die I/i in Grieks, is die negende letter in die Griekse alfabet en dit word afgelei van die Fenisiese “Yod” – die taal wat baie nou vereenselwig word met Hebreeus en veral antieke Hebreeus vanweë sy verwantskap daarmee. Hierdie bron verklaar gevolglik: “Letters that arose from this letter include the Roman I and J and the Cyrillic I (I,i), Yi (I,i), Je (J,j) and iotified letters (e.g. Yu (Ю, ю)) <http://en.wikipedia.org/wiki/Iota>.

Nou, net soos in Hebreeus, is die tiende letter in Grieks die yod (uitspreek “jod”) Volgens hierdie selfde bron, die volgende: “The word 'jot' (or *iot*) derives from iota.^[5]

The German, Portuguese and Spanish name for the letter J (Jot / jota) is derived from iota”.

Sou `n vokaal dan op die I/i volg, soos by die algemene uitspraak ie-ay-sous, is `n verskuilde, sagteasem j inderdaad merkbaar. Sou ons dit egter Iesous maak met `n kort ie-uitspraakvorm sal dit egter nie die geval wees nie. Sou ons verder voorgenoemde inagneem, behoort die resultaat, dit is soos wat Grieks taalkundige aanpassingsprosesse deurloop het, duidelik te wees. Maar ons behoort dan veral die yod-iota verband nie bloot te negeer net omrede ons dit nie wil raaksien nie, veral die io-verbintenis word in moderne Grieks as 'yota' (jota) uitgespreek en dit kom dan voor dat daar wel `n verwantskap op hierdie patroon in die verre verskiet moes gewees het.

Wat ons dan uit voorgaande, asook dit wat hierna volg, kan aflei, is dat die uitsprake wat uit die Grieks-Latynse Ἰησους/Iesus) voortgevloeit het, wel vanuit die vroegste tye kom en dit maak dan die uitspraak van ons Heiland se Naam soos wat dit onder die heidense volkere bekend geraak het, definitief geloofwaardig. Om dan te kyf oor die Naam van ons Verlosser is net soos die gekyf oor dae, maande en jare, asook die onenigheid wat herhaaldelik voorgekom het onder die Christen-Jodendom en veral met “ou geslagsregisters” in gedagte. Paulus waarsku dan om `n baie goeie rede daarteen omrede dit die Liggaam van Jesus onnodig (!) verdeel het. Dit het dan geen ware doel gedien nie.

Wat ook merkwaardig is, is dat diegene wat so hewig kaspie maak teen die vertaalde Naam “Jesus”, maak geen kaspie hoegenaamd teen die feit dat God wel die ontplooiing van die afvallige

Kerk toegelaat het, ook die Triniteitbelydenis en veral die verwerping van die eerste eeuse Kerk se doop, naamlik in die Naam van die Verlosser. Ons hoor net altyd dat God sou tog nooit die gebruik van 'n "vreemde" Naam toegelaat het, soos wat dit die geval met die Naam van Jesus wat groot onder die heidene gemaak word volgens die heilige Skrifte, inderwaarheid die geval was.

"Grootmaak" is tog om die ware God te aanbid en lof toe te swaai en al sou die Joodse (Hebreeuse) Name nie genoem word nie, eerder in vertaling "Lord" en "God" (op Engels), word God tog geloof in en deur die gekruisigde/verrese Jesus. Dit is dan inderdaad die Nuwe Testamentiese Naam wat in bloed gedoop is volgens die *Openbaringe van Johannes* en waar die Naam van Jesus ook aan die Man van Nasaret gekoppel word, daardie Een wat op Golgotha gely en gesterwe het om sondaars tot bekering te roep, behoort ons tog te kan besef dat dit inderdaad die bloedoffer van die Seun van God was wat die Nuwe Testamentiese Naam bekragtig het (Heb. 9.14; 1 Tim. 1.15)! Daarsonder sou die Naam geen ware krag gedra het nie (v. Heb. 9.14). En wat is dan daarmee verkeerd as 'ngelowige boorling van Afrika so intens gelowig na "Jesu" in aanbidding verwys?

Nou, waarom die tipe aanslag teen Jesus dan nie net summier ignoreer nie, veral in die lig gesien van die twisgierige gees wat hierdie kwessie wesentlik omring? – dit is waarop dit eintlik neerkom want Christus word in die oë van die wêreld weer 'n maal gekruisig as ons Sy Liggaam deur hierdie tipe beleid sou verskeur. Omrede die Naam van Jesus ons Verlosser, die Naam wat vir eeue en eeue deur Christene gebruik was in aanbidding, op die spel is. Soos dit alreeds die geval is, word "God" gewoonlik en in die algemeen aangewend, en relatief min gee dan werklik vir Jesus in die openbaar die nodige eer wat Hom toekom, naamlik om spesifiek Sy Naam te noem en veral wanneer geloofsake ter sprake sou kom. Selfs in preke oor die radio word "God" gebruik en ons hoor dan eintlik maar min van die wonderlike Naam waarin ons saligheid lê (Hand. 4.12). Lukas verwys tog baie duidelik na die Nuwe Verbondnaam, naamlik "Jesus", nie waar nie?

Die neiging is met ander woorde om die naam van "Jesus" wat beslis vanaf sy beskrywende "yeshu'a" (= dit is volgens Tiberiese Hebreeus uitgespreek) verskeie vertalingsfases deurloop het, totaal-en-al te laat verdwyn - dit is nou verwysend na die evangelie wat aanvanklik versprei was onder die heidendom en natuurlik in opdrag van Jesus self (Mat. 28; Mar.16). En dit is dan ook die rede waarom ons nie mag stilbly nie.

Hierdie tendens kom dan ook inderwaarheid goed ooreen met daardie vroegste tydperk in die Christelike geskiedenis toe die Naam van Jesus, weens die vervolgings wat daaraan gekoppel was onder heidense regerings, totaal op die kantlyn gedruk was. Maar die kontroversie gaan natuurlik oor die Joodse Naam wat alles in die stryd werp om die gebruik van die Naam van Jesus uit te skuif net om plek te kan maak, dit is in die algemeen, vir die Joodse "Yahshua" oftewel "Yeshua". Nou ek het geen probleme met die Joodse Naam nie en veral "Yeshua", maar waarom dinge so uiters problematies maak vir daardie tipe Christen wat nie ingestel is op Joodsheid en veral verjoodsing nie? Ons is tog een in Christus en nie een in die Wet van Moses nie! Ons het tog die apostoliese boodskap baie duidelik voor ons en veral waar Jesus Christus vernuwing (!) van gees, onderlê in genade, in plek gestel het deur Sy kruisdood en opstanding!

Iets wat dan baie beslis 'n sataniese skuif is, is om van hierdie Naam ontslae te wil raak, dit is nou met betrekking tot hierdie tipe volhardende gekyf oor die "korrekte" verbalisering met veral die Nuwe Testamentiese, uitverkore Naam in gedagte. Wat gaan die gevolge wees op die ou einde van hierdie netelige kwessie? Ons kan ons net indink hoe daar gespot gaan word, weereens (!), met die Naam van Jesus! En ons behoort ook uit die vroegste geskifte te kan sien dat hierdie Naam wel as 'n vertaalde Naam gebruik was deur die vroegste gelowiges, naamlik in Grieks, Aramees, Siries, ensovoorts, en dat ons wel met hierdie gebruik kan voortgaan omrede hierdie Naam nog net soveel krag dra as toe die vroegste heidense Christene dit as "Iesous" (Grieks) en as "Iesus (Latyn) geken het.

Yeshua vergeleke met Jesus

Inaggenome wat dusver gesê is, is dit dan glad nie reg om te redeneer dat die "J" konsonant (gekoppel aan die latere harde asem (tandklank) uitspraak, dit is met betrekking tot die Engelse uitspraak in byvoorbeeld "James") nie ouer as 500 jaar is nie en toe dit, met ander woorde, in plek sou geval het, want ons behoort die geheel van hierdie assimilatiewe proses objektief te beoordeel ten einde agter die kap van die byl te kan kom. Ons behoort met ander woorde die volle agtergrondgeskiedenis van taalkundige gebruike in ag te neem as ons enigsins by die waarheid van die saak sou wou uitkom.

Dit is natuurlik maar een aspek van die hele debakel oor "Jesus" en wat natuurlik dan deur "Yahshua" vervang moet word maar ook "Yahshua" is nie algemeen deur een en elk aanvaarbaar nie omrede "Yeshua" veral in Israel, en soos reeds op gewys, gebruik word. Daar is natuurlik meer as een naam of uitdrukkingswyse wat aan die Seun van God toegeskryf word maar dit kom voor asof Yeshua wel die mees gewilde weergawe is onder die Christen-Jodendom, ook die Messiaanse Jode. Ek sou dan "Yahshua" gelyk kon gee maar ek voel baie sterk daarvoor dat ons nie 'n twispunt oor "korrekte" uitsprake behoort te maak nie. (Soms word Y'shua gebruik saam met die yod en dan natuurlik verteenwoordigend van die shewa maar dan is dit nogsteeds Yeshua (Je..) net met 'n vinniger uitspraak van die betrokke vokaal). Die gekyf vergroot natuurlik want dan kom ons noodwendig ook uit by 'n uitspraak van "Yahushua" soos na verwys).

Dit kom dan voor dat ons net soos wat Paulus 'n toegewing gemaak het oor Sabbatonderhouding, ook hier 'n toegewing behoort te maak: Hy wie die Naam wil hou, laat hom dit hou, maar moet dan nie die ander wat dit nie in Hebreeus/Aramees deurgaen wil uitspreek veroordeel nie. 'n Twisgierige is tog aangewese op sy eie belang en dit bevorder dan nie Christus, die vredeliewende Een, se saak nie. Ons kan dan wel ons saak stel, maar ons behoort nie oor sake waarvoor daar nie eenstemmigheid bereik kan word, te bly redetwis nie! Net solank ons die Naam wat ons dan tradisioneel uitspreek volgens die heidendom se taalgebruike, dit is vanuit die vroegste tydvak in die geskiedenis van die Christendom, aan Jesus die gekruisigde/verrese Heiland koppel. Die Kruisboodskap is natuurlik ook dié boodskap vir vandag en dit is eenaardig dat hierdie saak so dikwels deur dieselfde segspersone op die agtergrond geskuif word, behalwe om dit veral 'n eenmalige Paasfees-inkleding te gee en soos wat dit dikwels die geval is.

Tale en hulle verwantskappe

Ons behoort veral daarop ag te slaan dat "Yeshua" ('n Semitiese taal met 'n Proto-Kanaänitiese/Antieke Hebreeuse inslag) as "Iesus" (die Latynse uitspraak) en wel as (Ἰησους) "Iesous" (op Grieks en veral Koine Grieks) beskou was. Dit is dan glad nie eenaardig dat Ἰησους wel in die Genève Bybelvertaling te siene is nie en so vroeg as die 1500's (in die algemeen bekend as die Bybel wat deur Calvyn gebruik was en waarin hy dan ook veelvuldige kantlynaantekeninge gemaak het volgens sy teologiese perspektiewe).

Hoe die Engelse "J" tot stand gekom het

Beide "Iesous" en "Iesus" wend baie duidelik die sagte asem yod (as konsonant 'y) aan en wat dan net so, as 'n sagte asem konsonantale "J" oorgegaan het op veral Middel-Engels, waarna dit later verder aangepas was en toe uiteindelik aangewend was (dit is weereens in die algemeen) as 'n harde asem "J" soos in "James" en "jam". Hou in gedagte wat geskryf is oor die iota.

Die skryfwyse, dit is van die "J" klank, het dan vanaf die aanwending van die "yod" (Hebreeus) en "jota" of "iota" (Grieks, hoewel met die "ie-ay" of selfs die "ie-ê" uitgang en uitspraak in gedagte, dit is soos in Ἰησοῦς en wel met die sagteasem 'aspirant) 'n skryfwyseproses deurloop. Dit was aanvanklik dan net 'n kort strepie soos in "yod" en "iota" maar wat toe verleng was en natuurlik op hierdie wyse met 'n "stertjie" of "stroke" bedeel om die "J" soos wat ons dit vandag in Engels sien te kon vorm - dit is met ander woorde soos wat die skryfwyses oor tydperke ontwikkel het. En so het dit toe verander in die Engelse harde asem "J" konsonant wat nogsteeds geld. Maar dit bly nogtans dieselfde gekruisigde/verrese Jesus waarna daar verwys was.

Germaanse invloede moet objektief beoordeel word

Ons behoort ook nooit die besondere Germaanse religieuse invloed te negeer met betrekking tot die vroegste Engelse heilige geskrifte nie. Net soos wat Grieks, die baie belangrike voertaal van die Weste en wat selfs die invloedryke Latynse geskrifte oortref het, sy invloed dan laat geld het, het Latynse invloede beslis bly steek en dit was veral hierdie twee tale wat 'n groot impak op die Nuwe Testamentiese geskrifte uitgeoefen het.

Nou, inaggenome voorafgaande, behoort ons dan nie oorhaastig te wees en net links en regs alles aan "paganistiese" invloed toe te skryf nie. Die geskrewe teks was nog altyd dinamies, dit is met betrekking tot nie alleenlik die vroegste tale nie (Siries/Aramese, Kopties, Ou-Frans, Ou-Engels, Germaans, ensovoorts) maar ook tot latere ontwikkelingsfasies en toe ou tale baie duidelik aanpassingsprosesse deurloop het.

Ons behoort dan ook nooit die krag van omgewingsinvloede te onderskat nie. En dit is die kruks van die saak. Noodsaaklike vertalings van die apostoliese geskrifte het dan verskyn namate die evangelie versprei het en kerke geplant was met die gevolg dat religieuse geskrifte dan noodwendig hulle eie besondere geskiedenis, ook met betrekking tot die heilige name, sou weerspieël het.

Feit is, die hele wereld het in onkunde gelê en hierdie "onkunde" bedoelend natuurlik die paganisme wat elk sy eie taal en taalkundige gebruike sou gehad het en veral met betrekking tot elkeen se eie, besondere aanbiddingstelsels in gedagte. Die mees invloedryke nasies, soos die Germane dit dan ook byvoorbeeld was, sou dan noodwendig 'n groter invloed uitgeoefen het as daardie nasies wat onderwerp was aan meer belangrike beskawings. Maar die Grieks-Romeinse invloed wat intiem aan die regerende Kerk, die Katolieke kerk, gekoppel was, het net nooit uit die prentjie verdwyn nie. Dus sou die (vertaalde) heilige Naam "Iesus" (Grieks) en "Jesus" (Latyn) net nooit net verdwyn het nie.

Dit is dan logies dat die Germaanse "Jesus" - dit is nou verwysend na die sagteasem "J" klank in Duits sou bly steek het volgens die Latynse invloed - 'n baie belangrike invloed soos reeds op gewys teenoor die Engelse harde asem "J" eventueel. Hierdie skryfwyse behoort dan verstaanbaar te wees AS ons ten minste die volle verloop van sake in gedagte wil hou. Maar die belangrike saak is dat die yod-invloed, dit is op Grieks of dalk wederkerig, bly steek het.

Daar is in Hebreeus natuurlik ook 'n kursiewe skryfwyse en dit is veral hier waar "jot and tittle" (jota en titel) ter sprake kom. Dit is (1) die yod (י) en dan (2) die titel/"tittle" of dan wel die spreekwoordelike "last stroke of the brush" of die hakie ("stertjie" soos voorheen na verwys). Laasgenoemde in verwysing (in die geval van "Jesus") is natuurlik die twee kleinste aanwendings wat skryfwyse betref in die kopiëring van die geskrifte.

Ons kan nie wild en wakker etiketteer nie

Om dan "Iesous" wild en wakker aan afvallige aanwending van die Skrifte en die heilige Naam te koppel net om bloot 'n suiwer Hebreeuse "Yahshua" deurlopend te kan regverdig, rym net eenvoudig nie. Waarom nie? "Iesous" en "Iesus" (die een wat die Griekse gelowiges sou gebruik het, die ander die Romeinse gelowiges), is dan net so geldig want beide wys heen na die kruisdood van die Man van Golgotha wat selfs in Sy doodstrafkennisgewing bo-aan die kruis, dus indirek, drie tale aan die wêreld uitgedra het, naamlik in Judese Hebreeus (!), Grieks en Latyn, en dit was dan die drie tale van Palestina ten tye van Pilatus se regering. Behoort hierdie saak nie iets aan ons te verklaar nie?

Hebreeus in die *Handelinge van die Apostels* is Judese Aramees

Judese Hebreeus is Aramees (Palestynse Aramees waarvan daar volgens taalkundiges ook nog 'n verwante dialek in plek was in Galiléa). Waar ons dan in die *Handelinge van Lukas* lees dat Paulus die volk vanaf die Tempeltrappe in Hebreeus toegesprek het, het hy dit eintlik in Judese Aramees gedoen want die gesprekstal van sy tyd, die taal in die volksmond, was Aramees en natuurlik ook sy besondere Judese dialek. Die geskrewe, meer verhewe Hebreeuse taal sou wel op akademiese gebied gegeld het en daarmee sou veral Paulus van Tarsus dan ook goed bekend gewees het. Wat wel duidelik blyk is die nou verbintenis tussen Hebreeus en Palestynse Aramees. Die Siriese skryfwyse verskil natuurlik omrede dit nie die sogenaamde 'vierkantige' Hebreeuse konsonante weerspieël nie.

“God” en “Gott” asook verwante benamings/beskrywings

Om net terug te kom na die paganistiese "God" of "Gott", die naam van 'n afgod in Germaans na bewering. As ons die geskiedenis van oud-Israel bestudeer, sal ons baie gou sien dat Ba'al (wat ook aan "Adonai" gekoppel was, naamlik, "my Meester/my Heer") ook as god beskou was. "God" sou dan die oppergesagvoerder beteken soos wat ons daarmee in die "El"-aanbidding kennismaak (wat dan op die hoofgod in die Panteon dui en met betrekking tot Osiris, Ra, Jupiter, Zeus, ensovoorts). Hy sou dan almagtig gewees het vir sy aanhangers, of ten minste uit hoofde van sy titel en amp, vir die breë bevolking of dit nou in die Levant, die Nabye-Ooste, in Egipte, in Germanië, in Asië of Brittanje was.

"El" was ook, as ons objektiwiteit wil behou, aan die vrugbaarheidskultus se "Supreme Being" (die Opperwese) gekoppel en om hierdie rede praat ons van die "El-aanbidding" in antieke Israel oftewel in daardie betrokke era. Die verwarring was natuurlik duidelik daar omrede attribute oor die hele spektrum, dus afgodies sowel as nie-afgodies, ewekansig aangewend was en die onderskeid sou dan in gehoorsaamheid aan 'n besondere kultus lê en natuurlik in die geval van Israel volgens die Mosaïese wette en voorskrifte.

Die onderskeid het dan wel in God se openbaring gelê en nie net in name en benamings nie. En om hierdie rede was God se openbaring (die ware Almagtige God soos wat Abraham Hom ervaar het) uniek aan Sy volk Israel. Daar was dan in en deur ware Godsaanbidding soos wat God dit aan Moses en die aartsvaders voorgehou het, geen gelyke nie. Tog was daar maar altyd afvalliges in Israel wat beide Ba'al en die God van Israel wou behaag het, en dan was daar natuurlik ook daardie

tipe wat Hom en Sy ware aanbidding totaal-en-al verruil het vir die Ba'al-aanbidding.

Aangaande Elohim en El

Wat "Elohim" betref: Ons behoort teen hierdie tyd nie 'n probleem te hê met die pluralistiese "Elohim" vorm nie en wat dan ook veral in die Judaïsme geld. Waarop dit aankom is natuurlik dat dit, (1) op God se allesoortreffende grootheid dui maar dit beteken dan nie pluraliteit in aanbidding nie (dit is met ander woorde nogsteeds monoteïsme) en, (2) om hierdie rede word dit altyd met 'n hoofletter "E" aangewend. Maar wat "elohim" betref, dui die algemene beskrywende selfstandige naamwoord op veelvuldige aanwendings, naamlik as "god", "magistraat" of "regter", "engel", selfs 'boodskapper' en elohim was selfs aan afgode gekoppel.

Maar wat belangrik is, is dat selfs Abraham 'n "El" aanbidder was voordat die God van Israel oftewel die Engeletussenganger (die El Sar) homself aan hom openbaar gemaak het en hom gevolglik oorgehaal het tot geloof in ware aanbidding (=die ware God wat later die "God van Israel" sou geword het).

Abraham sou daardie een wie hy aangespreek het as "God" dan sedertdien inderdaad as sy "Elohim" - die ware God – beskou het. Hy sou Hom dan ook nie meer net die gewone "el" god of "elohim" afgod/e gemaak het nie - hy sou met ander woorde tot dieper insig oor ware Godsaanbidding gekom het en om hierdie rede sou hy inderdaad sy Chaldese afgodendom waarmee hy goed vertrouwd was, verwerp het. Daar is 'n rabbynse verklaring dat Abraham al die afgode behalwe een van sy vader vernietig het, dit is kort voor sy vertrek na die land Kanaän toe.

Die Elohim (God) wat aan hom verskyn het by Bethel, ensovoorts, was natuurlik daardie selfde Een wat ook aan Moses in die braambos verskyn het (Eks. 3) en wat Hom bekend gemaak het vir die eerste maal aan Moses as die "Ek is wat Ek is" (יהוה) met ander woorde deur Sy Naam wat baie duidelik later in plek geval het 'as die onuitspreeklike Naam' - sedert die Griekse onderwerping van Palestina ten tye van Antiochus IV - en wat ons vandag volgens algemene siening aanvaar as "Yahweh". Lees gerus hoedanig hierdie "Engel van die Verbond" Homself dan ook aan die drie Israelse aartsvaders, Abraham, Isak en Jakob bekend gemaak het en wel in 'n tyd toe die "El" aanbidding wyd onder die Levant heidene aanbid was as hulle ware gesagvoerder of "El" oftewel soos ons dit vandag sou kon aanwend as "God" (die omstrede Germaanse "Gott").

Wat ons ook in gedagte behoort te hou, is dat die Essene, 'n paganisties-Joodse sekte, veral gefokus het op die onuitspreeklike (Ou Testamentiese) Naam van God en dit was, soos dit voorkom, eintlik hulle wat die vervanging daarmee dan met 'Adonai' op die spits gedryf het (Raadpleeg gerus Weinberg se baie goeie grammatikaboek). Dit is ook hierdie tipe invloed wat in die Nuwe Testamentiese bedeling die fanatisisme oor die 'korrekte' Joodse weergawe van die Naam van Jesus, en wel tot uiterstes toe, sou gedryf het. Die verwysing na 'Ha Shem' (die Naam) is maar een tipe invloed wat baie duidelik gelei het tot vervreemding van die Naam van God, iets wat God baie duidelik nie wou gehad het nie en wat dan aanleiding gegee het tot die verwydering van die Naam van God, soos wat die Verbondmaker dit aan Moses openbaar gemaak het by die braambos, uit die volksmond. *Spreuke 30.4* is baie duidelik op hierdie tipe negering van die Naam van God, en wat baie duidelik aan Sy Seun gekoppel was, gerig (Ps. 2). Jesus het dan wel Sy Vader se Naam geopenbaar, maar daar is geen bewys dat die Naam "Yahweh" bo "Yeshua" in die Nuwe Testament gestel was nie. Die Naam van God spreek natuurlik altyd van God se allesvermoënde outoriteit en bestaan en dit het Jesus baie duidelik in Sy aardse sending ook bekend gemaak (v. Jn. 17).

Die gebruik van die Naam van God soos geopenbaar aan Moses en gewis met betrekking tot יהוה (Eks 3.14) dui natuurlik op God se gesag en outoriteit want die noem van die Naam vestig direk ons aandag op Sy soewereine bestaan. Dit is dan wat Israel moes onthou het en om hierdie rede was hulle nie toegelaat om die heilige Naam van God ydelik (dit is in die algemeen) aan te wend nie. Ware Godsaanbidding skemer dan weereens met hierdie saak in gedagte, hier deur. God wou ook nie dat hulle Hom enigsins met Ba'al moes verwar het nie maar as ons daaraan dink dat 'Adonai' op beide Ba'al en God toegepas kon word, behoort ons eintlik nie so aangewese te wees op 'Adonai' (my Heer/my Meester) nie – dit is sonder om die saak weereens objektief te beoordeel.

`n Afgodiese god teenoor die Almagtige “God” en die uitbreiding van die evangelie onder die heidendom

Ek kan Jesus dan "God" inderdaad noem en sonder om ooit te dink aan die ou afvallige Germaanse "Gott" omrede God baie duidelik vir enige gelowige die Almagtige, Alvermoënde Een sal beteken. Die ou antieke era is dan verby en ons dink dan nie meer by die aanspreek van “God” aan afgode nie. Ek voel natuurlik om hierdie rede sterk dat “God” altyd met `n hoofletter geskryf behoort te word en wel om `n wesentlike onderskeid te kan tref tussen god (afgod) en God die Almagtige Vader van Jesus Christus. Dit is tog logies dat die vroegste Christene wat dan almal afgodediens op een of ander wyse was voor hulle bekering, het baie gou tot die besef gekom dat Jesus daardie plek beklee in hulle Godsaanbidding, naamlik Seun van God (Ps 2) en hulle sou Hom dan glad nie as `n mitologiese Zeus of Osiris beskou het nie. Dit is dan om die ware God en Vader van Jesus te aanbid in en deur Christus, Sy Seun, in plaas daarvan om die demoniese, gevalle engele wat duidelik in die afgodendom gestalte gevind het, daardie eer te gee. Yahweh sal dan maklik beskryf kan word as die “God” van Israel sonder enige verwysing of vermenging met antieke gode en wat dan vanselfsprekend `n hoofgod bo-aan hulle panteon van afgode sou gehad het.

Die vroegste heidense bekeerlinge se afgode sou gevolglik beslis as hulle god of "gode" bekend gestaan het tot en met hulle kennismaking met Jesus die Christus (Yeshua HaMaschiach of 'Christos' wat Gesalfde in Grieks is en waarvan die beskrywing 'Christene' baie duidelik afgelei is) en wel weens hulle gesag en openbaring onder die heidense nasies. Ons kan maar net die vroegste kerkgeskiedenis nagaan om by hierdie tipe siening uit te kan kom en ons behoort ook nooit, en weereens, die groot impak van Grieks op die klassieke beskawings – ook verwys na as die hellenistiese era - te vergeet nie. [Yeshu'a soos uitgespreek oftewel yeshu'ah in transliterasie maar in die algemeen geskryf as Yeshua of dan in Hebreeus ישוע met die shewa onder die yod] .

Die Romeine en die Grieke se hoofgod, soos byvoorbeeld Jupiter en Zeus het ook in hulle oë `n besondere almag en alvermoë besit, en dit is dan ook geen wonder dat eienskappe (!) toegeskryf aan veral hulle hoofgod/e op bekeerlinge se siening van Jesus Christus sou oorgegaan het nie. Maar om te wil voorgee dat Jesus se Naam aan Zeus gekoppel was, is absolute wensdenkery. Dit is geen wonder dat die Apostel Jakobus op die belasting van die Naam van Jesus in sy brief wys nie!

Die Naam in vertaling : Is dit enigsins `n kritieke saak?

Kan of mag ek `n naam vertaal? Diegene wat fanaties wil wees en wie fout wil vind daarmee om `n naam wat ook myns insiens op eie wyse aangewend word (“Yahshua” in plaas van “Yeshua”) ten alle koste in plek te wil stel, sal beslis nie met my saamstem nie. Maar as ons sou nadink dat Paulus "Paulos" vir die Romeine was maar "Shaul" vir die Jode, waar trek ons dan die streep? Ivan is byvoorbeeld Johannes en Maria Miriam. Net so was vanne maklik aangepas, veral onder die diaspora Jodendom en wanneer iemand dan na `n nuwe land sou verhuis het.

Ons behoort ook te kan besef dat Jesus (Yeshua) so `n magtige impak op die wêreld gemaak het, dat die verkondiging van die evangelie wel in heidense lande verkondig sou word en om hierdie rede het 'Yeshua' (met die sagteklank yod of j uitspraak) dan inderdaad oorgegaan op veral Grieks – wat alreeds ingebed was in Palestina - en natuurlik ander nasies wat die Woord ontvang het. Aanpassing volgens plaaslike uitspraak sou dan net `n fanaties ingestelde Jood geïrriteer het! (Hulle wie die evangelie Joods wou hou ten alle koste). Daar was wel getroue Christen-Jode wat die Naam van die Verlosser in ere gehou het maar daar was ook veral die Essene wat die doop in die Naam van die Verlosser verander het na die doop volgens Mat. 28.19 en wat dan beslis daarop dui dat hulle die Naam wat deur die engel aan die Seun van God toegeken was (Lu. 1.31) toe inderdaad verloën het (2 Pet.2.1). Daar was tog sekerlik `n baie goeie rede vir Petrus op Pinksterdag om die Naam waarin daar gedoop moes word, volgens Hand. 2.38 bekend te gemaak het! Daar was, soos dit voorkom dan wel `n drievoudige doop alreeds in plek ten tye van Pinksterdag en waarna afvalliges later weer teruggeswaai het, dit is veral na die skeuring. Moontlik het daar toe al `n kontensie oor heidense uitsprake opgeduik – Ef. 4.5 het juis `n konnotasie van een doop wat toe deur Paulus gedryf was en wat duidelik met Kol. 3.17 ooreenstem, naamlik om *alles* in Naam van die Messias te doen.

En om die Naam van die Verlosser uit die baie belangrike dooprite te verwyder, was om inderdaad van Hom ontslae te wou raak (=om die sentrale fokus op Hom met ander woorde te minimaliseer) en om hierdie rede behoort ons goed na te dink oor die gebruik en aanwending van die Naam van Jesus (Yeshua) wat tog aan die gekruisigde/verrese Heiland behoort en wat dan inderdaad na Hom sou heenwys – in watter taal Sy Naam ookal aangewend sou word.

Dit is geen wonder dat Paulus so pertinent aan die Hebreërs (!) verklaar dat vrede nagejaag moet word nie (“Hou vrede sover dit moontlik is met almal”). Is dit dan regtig nodig om die evangelie waarvoor Jesus so intens gely het, nou hier aan die vooraand van Sy wederkoms weereens te omskep in `n bokskryt? Dit is tog nou die kritieke tyd vir ons as Jesus se volgelinge/dissipels om ons lampe vol olie te kry sodat dit brandend kan wees by Jesus se terugkeer, nie waar nie?

Is "Yahweh" die Naam wat ons algemeen behoort te gebruik in plek van "God" byvoorbeeld?

Sou ons hierdie spesifieke saak objektief beoordeel, sal ons baie gou kennis maak met Joodse (Hebreeuse) taalkundiges wat van mening is dat ook "Yahweh" nie sondermeer as een honderd present korrek aanvaar kan word nie.

Die heilige OT Naam was inderdaad so onuitspreeklik gemaak dat dit die mond van die volk totaal-en-al verlaat het en om hierdie rede is hierdie tipe Joodse geleerdes nogsteeds besig om die Naam (Yahweh) na te speur en sodat hulle alle versinsels rondom die goddelike, onuitspreeklike Naam (iets wat tot vandag toe geld) kan uitkakel. Om dan met vertroue te wil redeneer dat die afvallige "Jesus" naam nou ten alle koste vervang moet word met selfs "Yahweh" wat ook maar net een tipe aanwending is, is allesbehalwe korrek. Dit is dieselfde dan as die gebruik van “Lord”, `n respekvolle verwysing wat, soos dikwels aangevoer, noodwendig met “Adonai” vervang moet word. Feit is dan behoort ons eintlik oor te gaan om net die Ou Testament in Hebreeus te lees en natuurlik die Nuwe Testament in Aramees, en beslis ook in Grieks!

“LORD” is also regarded as a name of Israel's God. This Name is usually written יהוה (pronounced as “Jehovah” as it takes a shewa beneath the yod) and it is read as “Adonai” “LORD”. But in some cases, particularly when this name appears next to the name “Adonai”, it is written

using the יהוה (representing Jehovah or Yahweh) and read as Elohim "GOD" (From Classical Hebrew – eTeacher Group, Exercise Workbook – part one, Lessons 1-15, p. 84, Biblical Hebrew A).

Wat is die uitstaande kenteken van die verrese Christus onder die nasies?

In die algemeen behoort ons dan te kan aanvaar dat, solank ons weet dat Jesus wie ons vereer inderdaad die Man van Nasaret is en wie dan ook smartlik aan 'n kruis gesterwe het om sondaars tot bekering te roep, ons nie tot hierdie drastiese stap hoef oor te gaan nie – Jesus, Seun van God, het dan inderdaad gekom om die Wet te vervul (Mat. 5.7) en om hierdie rede was Hy dan ook viervoudig aan die folterpaal (die kruis) genaël (aan Sy hande en voete en wat dan baie duidelik op die *tsitsit* dui). En om hierdie rede het Paulus sy mening met vertroue gelug, naamlik dat daar nie meer slaaf of vry mens in Christus is nie maar dat ons almal, ook Jood en heiden, een in Christus (deur Sy kruisdood en offerbloed) is!

Dit is dan inderdaad daardie Een met die "merke tussen Sy hande", want dit is Sy kenteken (Sag. 13.6) en Johannes verwys, soos dit voorkom, om hierdie rede na die "nuwe" Naam van Jesus. Dit behoort tog vir ons duidelik te wees dat die NT Naam in Hebreeus wel Yeshua is (of dan in Judese Aramees) maar in Afrikaans is dit natuurlik Jesus soos wat dit die geval is met die sagteasem "J" Germaanse uitspraak, net soos wat ander tale dieselfde gekruisigde Jesus in hulle eie tale sal vereer en wel volgens hulle taalreëls. (Yeshua beteken 'verlosser' of 'verlossing' wat 'deliverance' is vanuit Hebreeus en dit word geskryf יֵשׁוּעַ met natuurlik die shewa. Om hierdie rede kry ons dikwels ook die Y'shua transliterasie in Christen-Joodse literatuur. Ons lees sonder enige twyfel in die *Evangelie van Matthéüs* dat, "...op Sy Naam (Jesus s'n) sal die heidene (!) hoop" en dit is juis onder die heidense nasies wat die Naam van ons Verlosser (=die Messias) in elke betrokke taal geëer word tot vandag toe. Dit is dan beslis wensdenkery om te wil voorgee dat dit 'Yahweh', alternatiewelik "Yeshua" moet wees want Jesus was juis baie sterk onder die heidene deur Sy Nuwe Verbond-naam verkondig en natuurlik in elkeen se betrokke taal.

Hoe behoort ons die Naam toe te pas in ons Christelike beoefening?

Wat natuurlik ook baie belangrik is, is nie om net die Naam te wil behou in 'korrekte' uitspraak en vorm nie, dit is ten alle koste, maar om te doen wat God van ons verlang as Christus se dissipels, naamlik om ons volgens Petrus se opdrag in die Nuwe Testamentiese Naam te laat doop (Hand. 2.38)! Dit is as ons enigins Skrifgebonde sou wou bly.

Bekering is dan die antwoord! Dit is wat ons dan weereens nodig het in hierdie dae want dan sal ons ons nie besig hou met dinge wat nie tot ons saligheid strek nie! Wat broodnodig in hierdie dae is is dan om die werklikheid van die gekruisigde/verrese Jesus weereens te kan ervaar. En dit is hierdie Bovertrek-belewenis wat so knaend tekortsiet in die lewens van soveel gelowiges, dit is hulle wat dan aanspraak wil maak op die gekruisigde/verrese Jesus en deelname aan Sy Liggaam. Daar is tog volgens die Apostel Paulus, net maar een Here Jesus en almal wat glo verbind tot een liggaam in een Gees (Ef. 4)!

Herinner die apostel Paulus ons nie ook daaraan dat die goddelike liefde moet bly nie? En hoe kan dit bly as ons weereens wil kyf oor "dae, maande en jare", en veral oor die presiese, "korrekte" Naam van ons Heiland en Verlosser wie so ingestel was op "eenheid van gees" en die "ware,

goddelike liefde"? Ons behoort tog te kan besef dat die Joodse 'dae, maande en jare' – dit is dan volgens die Joodse kalender, vir die Ou Testamentiese volk van God bedoel was en wel met betrekking tot 'n era toe God hulle na ware aanbidding gelei het. Tog is hierdie tipe aanbidding maar net die skadubeeld van dit waarmee ons deur die vleeswording van Jesus, kennismaak, dit is onder die Nuwe en Beter Verbond soos wat Paulus inderdaad hierdie tweede verbondbedeling beskryf. En wat veral geseëvier het ten tye van Christus se geboorte, was die ekstra belading wat toegevoeg was tot die onderhouding van die Wet, en veral met betrekking tot die 613 rabbynse wette en voorskrifte.

Dit is na hierdie tipe omskrywing van die Wet en sy onderhouding waarna Jesus verwys het en toe Hy verklaar het dat die Fariseërs swaar pakke op die volk laai, met ander woorde swaar vereistes aan hulle stel tot 'volkome' en 'noodsaaklike' onderhouding van al die Mosaïse voorskrifte. Dit is dan inderdaad die 'nuttelose werke van die Wet' waarna Paulus ook in sy briewe verwys en wat dikwels nog gerasionaliseer word deur diegene wat onderhouding van die Wet en veral met betrekking tot al die rabbynse voorskrifte, nogsteeds noodsaaklik vir elke gelowige wil maak.

Al was die apostels, ook Jesus, dan Joods in hulle denke en in hulle benadering tot die heilige Skrifte, behoort ons veral op die konflik tussen Paulus en Petrus in Antiochië te let, en toe Paulus wat voor sy Damaskuservaring onberispelik in die onderhouding van die Mosaïse wette bevind was vir Petrus aangevat het en openlik aan hom verklaar het dat hy wie 'n Jood is nie eens self die Wet onderhou nie (!), hoe wou hy (Petrus) dit dan ewe skielik, net onder druk van die Jodegenote, en dit ná Jesus se kruisiging en opstanding (!), op een en elk weer afdwing?

Was Paulus dan nie inderdaad toe ingestel op vernuwing in en deur Christus nie en baie duidelik nie deur die werke van die Wet nie! Feit is al sou ons die Joodse denkpatroon in die Nuwe Testamentiese apostoliese geskrifte natuurlik en inderdaad goed in plek sien, is dit tog ook duidelik dat die Nuwe Verbond-bedeling onderlê is in die Krag van die Heilige Gees en die werkinge van die Gees van God in die lewens van verlostes en wie almal deur die bloedoffer van Jesus gered was, dit is bedoelend Jood sowel as Christen!

Ek vertrou dan dat die Here die fanatisisme wat nou weer aan die uitbreek is, en dit onder gelowiges wat in Jesus as Verlosser glo, en wat ons definitief herinner aan Paulus se stryd met die Joodse Essene (die verjoodsers van die geloof wat nie die evangelie vir die heidene gegun het nie en wat dan ook allerlei wette op hulle wou afdwing), sal hokslaan. Veral as ons sou weier om baie belangrike sake te objektiveer?

Die uitspraak van Grieks het dan ook volgens die tekskundiges tot 'n baie groot mate toe verlore geraak maar die meeste taalkundiges onderskryf wel die uitspraak van iota as jota (I as j) en wat dan veral deurslaan in die latere Engelse uitspraak (Jesus as dzesus maar met veral die Latynse invloed op die Germaanse vorm ingedagte, naamlik uitgespreek met 'n sagte asem asem J soos in Afrikaans).

Daar was reeds op hierdie webwerf verwys na die belaglikheid van redenasie, naamlik dat Zeus omskakel na Jesus – daar is tog 'n verskil wat uitspraak betref tussen Ie-ay-sous (drie lettergrepe teenoor Dzeus wat twee het! Selfs dat die Jesoos (of Jesoes) uitspraak op die Hebreeuse 'sous' (perd) dui. So was Jakobus se 'heilige Naam' inderdaad belaster want die Naam van Yeshua (Jesus) was hoog aangeslaan deur die apostels van Jesus en om hierdie rede beveel die apostel Johannes verering van die Naam van die Seun van God so sterk in sy eerste pastorale brief aan. Hy het dan inderdaad die tye beleef toe die Naam wat God 'onder die mense uitgeneem het' volgens Petrus en

wat toe deur God verhoog was, verag en bespot was deur veral die paganisties-Joodse gelowiges (veral die Samaritaanse Essene soos dit voorkom) wie wel Jesus Christus bely het, maar hulle het baie duidelik ook `n eiesinnige godsdiens gebring.

Diegene wat belangstel kan gerus ook kyk na Ester Blomerus se "Sacred Names" artikel op hierdie webwerf, onder Bible Studies, Model 2 (Christian Jewish Studies). Ons behoort ook in hierdie tipe bespotting met die Naam van Jesus (of dit nou die Griekse of Hebreus/Aramese weergawe is) die vroegste aanslag teen Petrus se doopwyse (in die Naam van die Verlosser) raak te kan sien.

Die volgende bronne kan geraadpleeg word oor hierdie saak. Sommige lig ek toe opsommenderwys:

<http://en.wikipedia.org/wiki/J>

<http://en.wikipedia.org/wiki/Iota>

Let gerus veral op die volgende:

Met betrekking tot die Engelse taal :

http://en.wikipedia.org/wiki/Old_English

http://en.wikipedia.org/wiki/Old_English#Latin_influence

Sedert die regering van Alfred was `n ambisieuse program deur die Kerk in Brittanje geïnisieer, dit is om religieuse materiaal in Engels te vertaal en ten einde hierdie monarg se beskerming en ondersteuning te kon behou, het die monnike en priesters `n program ingestel in ooreenstemming met Alfred se dialek. Dit kom volgens hierdie bron voor asof Alfred self sekere kerklike boeke vanuit Latyn in Engels vertaal het.

http://en.wikipedia.org/wiki/Latin_influence_in_English#Early_Middle_Ages

Die Latynse Invloed:

Volgens hierdie bron het was `n groot gedeelte van die Britse bevolking Latyn magtig en natuurlik uit hoofde van die kerk se ekklesiastiese taalvoorkeur. Engels was natuurlik in daardie tyd die skolastiese en diplomatieke taal van Wes-Europa. Dit is om hierdie rede selfs moontlik om by benadering datums te kon verstrek vir die aanwending van sekere Latynse woorde (individuele woorde) op Ou Engels, dit is woorde gebaseer op die tipe linguistieke veranderings en patrone wat dit ondergaan het. Toe die Angel-Sakse hulle bekeer het tot die Christelike geloof het Latynsprekende priesters `n algemene verskynsel geword in Brittanje. Hierbenewens was die Franse invloed op die Engelse taal merkbaar sedert 1066, dit is die tydperk van Willem die Veroweraar (die begin van die Middel Engelse tydperk) en Frans het natuurlik ook sy Latynse, skolastiese invloed deur die eeue heen behou, iets wat natuurlik van geslag tot geslag oorgedra was en wat dan veral Ou Frans en klassieke Latyn betrek het.

Ons kan net nooit die Franse invloed op Middeleeuse Katolieke Kerk, selfs in sy wording, uit die oog verloor nie. Woorde in Ou Engels was min of meer gespels soos wat dit foneties uitgespreek was. Maar volgens hierdie bron was die Latynse alfabet ontoereikend om die Angel-Saksiese fonetiek behoorlik te verteenwoordig. "Spellings, therefore, can be thought of as best-attempted approximations of how the language actually sounded". `n Woord se spelling was byvoorbeeld ook beïnvloed deur fonetiese streeksinvloede. Daar was met ander woorde geensins eenvormigheid in

taalgebruik nie.

Gedurende die vroegste Middeleeue het die Germane grootliks bygedra tot die totstandkoming van Engels. Baie woorde, sommige afkomstig vanuit Grieks, het bygedra tot die woordeskat van die Germane via Latyn en nog voordat die Germane Brittanje bereik het. Christen sendelinge het Latyn saam met hulle gebring (600-700 C.E.) na Engeland toe en die Griekse invloed het ongetwyfeld sterk deurgeslaan vanuit vroegste Christendom en veral die “tegniese” taal van die Christendom, dit is nou met betrekking tot die kerkvaders wat in Grieks geskrywe het en wat dan natuurlik die Griekse Nuwe Testament ook intiem behels het. En dit is hier waar die Kerkgeskiedenis natuurlik inkom want die Kerkvaders, ofskoon hulle een en almal op Katolieke fondasie voortgebou het, het beslis nie die Griekse “Jesus” aan paganisme gekoppel nie. Inteendeel, baie van die dinge waaroor ons vandag nog redeneer, was alreeds in die vroegste post-apostoliese tydvak beredeneer want daar was ook verjooding van die geloof asook sterk teenkanting vanuit die paganisme (Kommentaar deur myself bygevoeg).

Die Kerk het natuurlik `n enorme bydrae gelewer om Ou Engels ook te bevorder alhoewel monnike natuurlik hulle geskrifte in Latyn gekopieer het. Geskikte Ou Engelse vertalings van woorde was natuurlik vanselfsprekend aan die orde van die dag. Soms was Germaanse woorde gebruik en net `n nuwe skakering in taalaanwending gegee maar wat ons in ag behoort te neem is dat, net soos wat daar vandag groot moeite gedoen word om vreemde begrippe in `n plaaslike taal of dialek weer te kan gee sonder om afbreuk te doen aan die oorspronklike woorduitdrukking en woordbetekenis, was daar sekerlik ook pogings aangewend om die oorspronklike idee te kon behou. En dit is hier waar ons begrip behoort te kan hê vir die enorme taak wat nog maar altyd op vertalers se skouers gerus het.

So was die woord “gospel” (evangelium) byvoorbeeld toe natuurlik volgens hierdie bron aangepas om dit nie net “goeie nuus” te maak nie maar dit wel in `n gepaste religieuse konteks aan te kon wend. “The same occurred for the Old Germanic pagan word *blētsian*, which meant 'to sacrifice, consecrate by shedding blood'. It was adapted by Old English scribes and christened to become the word *bless*. Similarly *fullwiht* (literally, "full-being") and the verb *fullian* came to mean "baptism" and "to baptize" respectively, but probably originally referred to some kind of rite of passage”. Laasgenoemde “rite” was dan duidelik myns insiens toegepas op die Christelike geloof maar dit gee ons nogtans die begrip van “passage” of “deurgang” wat dan die hele persoon (ook liggaamlik) behels en dit doen dan geensins afbreuk aan doop in sy ware betekenis nie, naamlik om gedompel te word in Christus (oftewel bedek te wees).

Dit herinner, soos dit voorkom, aan die Israelitiese Rooi See ervaring en wat Paulus veral gebruik as tipe van doop “in Moses”. (Die Apostel het natuurlik hierdie gedagte by sy gehoor tuisgebring dat Christus groter is as Moses en om hierdie rede word die Nuwe Testamentiese volk inderdaad, en wel volgens Petrus, in Christus Jesus gedoop (Hand. 2.38).

Wat egter baie belangrik is volgens hierdie bron, is dat as `n geskikte substituuwoord in Ou Engels gevind kon word nie, sou `n Latynse een gegeld het en dit is natuurlik ook die rede vir die sterk Latynse invloed op Engels. Sou ons dan nie met `n woord in vertaling op hierdie wyse saamstem nie, behoort ons altyd eers goed na te dink alvorens ons ons net dieper sal laat mislei. Om hierdie rede is agtergrondkennis van die Christelike geloof net so belangrik as studie van die teks self want waar die teks ons dikwels nie help om die volle agtergrond van die saak te kan sien nie, sal kennis van die omstandighede wat die teks omring, dit wel doen. Ons behoort dan ook hierdie selfde maatstaf toe te pas by bespreking van die Naam van Jesus.

Wat interessant is, is natuurlik die volgende volgens hierdie bron: “Often, the Latin word was severely restricted in sense, and was not widespread in use among the general populace. Latin

words tended to be literary or scholarly terms and were not very common. The majority of them did not survive into the Middle English Period". Nou, in praktyk, was die Naam van Jesus, die Seun van God, daardie Naam wat baie duidelik 'n hoofrol in die rituele en belydenisse van die apostels van Jesus beklee het, nie in die post-apostoliese era in dieselfde maat gebruik nie. Dit was juis die Katolieke kerk wat die Naam van Jesus uit die doop verwyder het en wat toe die doop volgens Matt. 28.19 ingestel het en wel volgens Esseense lering (v. Didache en besprekings op hierdie webtuiste – oudio's, video's asook veral dokumente (Documents (Articles/tracts) sowel as Christian Jewish Studies).

Algemene gebruik van die Naam van Jesus, dit is in die volksmond, sou dan soos dit voorkom merendeel in geskryfte gewees het en dit maak dit des te meer aanvaarbaar dat die gebruik van die Naam van Jesus, volgend in hierdie tipe Katolieke tradisie, dan grootliks in onbruik geraak het.

Dit sou dan nie so 'n brandende kwessie geword het soos na die Reformasie nie. En dit is soos dit voorkom die rede waarom die Naam van Jesus eers vandag eintlik weer bespreek word, en soos in die geval van Christen-Joodse voor- en afkeure, natuurlik gekritiseer word. Om hierdie rede behoort ons des te meer ag te slaan op die geskiedenis en ontwikkeling van veral Engelse religieuse taalgebruik want die baie belangrike KJV Bybelvertaling het juis in Engelse kringe ontspring en dit sou noodwendig die soeklig ook geplaas het op veral die Genève Bybelvertaling wat veral deur Calvyn gebruik was. Maar ons merk glad nie dat Iesous (die Griekse oorsprong van die Naam van Yeshua) ooit verander het nie.

Dit word dan in hierdie baie belangrike vertaling, uit hoofde van sy Calvinistiese aanprysing, dan inderdaad net so aangewend en dit is dan bewys daarvan dat die Griekse gebruik en uitspraak (Jesus of Jesoos) dan onveranderlik gebly het deur die eeue heen. En dit sou beslis nie so aangewend gewees het deur die vroegste Christene nie. Al sou ons die Katolieke Kerk kan kritiseer, kom dit nie voor dat daar getorring was aan die Naam van Jesus, in veral Grieks en Latyn nie.

[Nota: Daar is wel baie wat die uitspraak volgens hulle tipe Griekse uitspraakvoorkeur Ie-ay-sous maak, maar ek verkies die "Ie(j)êsoos" uitspraak. Die kontensie gaan in elk geval oor die "J" aanwending, dit is die assimilasië "i" na "j".*]

Ons behoort natuurlik altyd in gedagte te hou (1) die baie sterk en langdurige impak van Grieks op die klassieke era en selfs lank daarna, en (2) dat "Yeshua" 'n Semitiese woord is met sy eie besondere en kenmerkende uitgangsvorm. 'n Joodse taalkundige het die "ayin" (laaste lettergreep van Yeshua) heel interessant beskou as 'n vroeë, antieke invloed. Ons weet natuurlik dat Jehoshua op dieselfde patroon is teenoor byvoorbeeld Manassah wat baie duidelik op "ah", die algemene vorm of uitgang, eindig.

Die gebruik van teoforiese (theophoric) name is natuurlik 'n algemene verskynsel en dit is wanneer persoonlike name 'n deel van die naam van God bevat soos Yehoshafat, Yeshayahu, Yehoshua en Yeshua bevat hierdie selfde naam (Yah is verskuil in die Naam soos in "Ye" met shewa). Dit kan voor aan die naam gekoppel wees of dit verskyn aan die ent. Wat so interessant is, is die tipe byvoeging of deelvorming van 'n naam en dat dit dikwels saam met 'n werkwoord gebruik word en sodat dit opsigself 'n kompakte sin vorm. Die toesegging van 'n naam op hierdie wyse was algemeen in die Antieke Nabye-Ooste, dit is dan beide in Israel en in die omliggende kulture (Bron: eTeacher Biblical, Online Language Academy, Biblical Hebrew B, Part Two, Units 16-30, p. 9, Grammatical Remarks).

Ons behoort dan dieselfde tipe aanwending nie net tot Israel te beperk nie. En wat ons natuurlik ook van kennis behoort te neem, is dat Hebreeus nie uitsluitlik deur God gebruik was in die Ou Testament nie, maar Aramees ook en as iemand net Grieks byvoorbeeld sou geken het, dit is dat 'n

diaspora Jood byvoorbeeld die Griekse kultuur en taal aangeneem het as sy eie, soos wat dit wel die geval in latere eras was, sou God tog sekerlik ook daardie taal in profesie geken het. Dit is dan eintlik belaglik om vanaf die Nuwe Testamentiese era veral God se taal as eksklusief Hebreeus te beskou! Cornelius was beslis nie Hebreeusspreekend nie want hy was as 'n heiden gereken al sou hy ook, soos wat dit wel ook voorkom, 'n proseliet-Jood gewees het (Hy sou soos dit voorkom wel Aramees kon praat want hoe sou Petrus hom kon verstaan het?). Cornelius sou wel Latyn kon gepraat het want hy was in die Romeinse leër. Dit net om hierdie tipe eensydige argumentering te weerlê. Maar hoe sou die Here met byvoorbeeld Titus persoonlik ontmoet het? Ek het niks teen Aramees of Hebreeus nie. Intendeel dit is grondtale van die Bybel en wat baie noodsaaklik is tot vandag toe.

Verdere bronverwysings met kommentaar by sommige links deur skrywer:

Raadpleeg gerus ook die volgende bron oor die Name van God en veral met betrekking tot "Gott" .
Names "God"

http://en.wikipedia.org/wiki/God_%28word%29

Ook met betrekking tot "Deus" (Latyn) die volgende link:

<http://en.wikipedia.org/wiki/Deus> The Latin Deus (God)

Diegene wat belang sou stel om verder na te lees oor "Elohim" kan gerus die volgende bron raadpleeg:

<http://en.wikipedia.org/wiki/Elohim> Hebrew Elohim

En as ons ook die invloed van Ugarit op antieke Hebreeus wil nagaan, kyk dan na die volgende link:

http://en.wikipedia.org/wiki/Ugaritic_language Ugarit language

Selfs die Kanaänitiese invloede behoort nooit genegeer te word nie en om hierdie rede het die Here inderdaad die aandag van veral die profete op afgodery en die invoer van die paganisme in oud-Israel gevestig en veral via die baie belangrike Ba'al afgodediens. Let gerus op die volgende uittreksel : he word *el* (singular) is a standard term for "god" in other related Semitic languages including Ugaritic. The [Canaanite pantheon](#) of gods was known as the *elohim* (the gods [plural]).
<http://en.wikipedia.org/wiki/Elohim#Etymology>

God, dit is die 'Elohim' van die Jodendom, is dan die God van die Jodendom maar waarop ons gerus ook kan let is dat die Jawiste, die Elohiste en die Priesterlikes beslis daarvoor sou gesorg het, en veral die profete, naamlik dat die God wat Moses gebring het aan die volk, die Elohim-aanbidding, so suiwer moontlik behou sou word en ten minste met betrekking tot die behoud van die geskrewe teks - dit is ten spyte van 'n sterk aanhang vanuit die midde van Israel self, en wie dan wel geneig was om oor te val na die Ba'al-aanbidding.

Die Nuwe Testamentiese verhoogde Naam

In die Nuwe Testament (die Nuwe en Beter Verbond volgens Paulus van Tarsus) maak ons kennis met 'n sterk wending in aanbidding, nogsteeds gebaseer op die fondament van die neergelegde Ou Testamentiese geskrifte, maar in hierdie "laaste dae" fase volgens die profeet Joël se profetiese woord. Ons sien dan in die Nuwe Testament nogsteeds 'n aanbiddingswyse gefundeerd op die

woord van die vleesgeworde Seun van God, Jesus die Christus (Yeshua HaMaschiach) maar ons sien veral dat Hy nie gekom het om etnisiteit en nuttelose oorlewerings uit te dra nie (’n Pauliniese verklaring met betrekking tot al die veelvuldige rabbynse interpretasies en voorskrifte tot die Wet), maar, intendeel, om ware Godsaanbidding wat in die Ou Testament in plek gestel is deur God self, tot volle werklikheid en verwesenliking te bring (Fil. 2; Gal. 4; Hand. 1 & 2; Jn 14 & 15; Jn 1).

En om hierdie rede maak ons dan ook kennis met die Hebreeus/Aramese Yeshua van Nasaret wie in die wêreld gekom het om “sondaars” tot *bekering te bring* en om hulle inderdaad deur Sy kruisdood en Heilige Gees Krag wat Hy in die Bover trek uitgestort het, tot vernuwing van gees deur die wedergeboorte, na God, Sy Vader te lei. Jn 4: “Die water wat Ek jou sal gee, sal in jou ’n fontein word wat opspring tot in die ewige lewe”, het Jesus aan die Samaritaanse vrou verklaar). Die Wet was dan, volgens Paulus, nie in staat om te red nie en Paulus verwys natuurlik weereens hier na veral die rabbynse, wettiese voorskrifte maar selfs die onderhouding van die Sabbat kon ook nie red nie want net die kruisdood van Jesus kon waaragtige rus bring (Heb. 4). Al sou ons dan hoe ookal redeneer, die Kruisdood is en dit sal vir altyd dan die sentrale en prominente plek in enige ware verlore gelowige se lewe bekleed!

Om hierdie rede sien ons hoedanig geloof in een ware God, deur Christus, Sy gekruisigde/verre se Seun, in die harte van gelowiges – hulle wie waarlik bloedgewas was en nog steeds is - toe ontvou het. Nie meer volgens “gebod-en-gebod” en “reël-op-reël” nie, maar toe in en deur die Krag van die Heilige Gees! Dit is dan inderdaad ’n nuwe wending wat God self bewerkstellig het om die gevalle mens, beide Jood en Heiden, tot ware aanbidding en onderwerping aan God se wil te kon lei!

Ons kan dan inderdaad Jesus aanroep volgens ons eie taal en kennis. Solank ons net die gekruisigde/verre se Jesus in gedagte het. Hy was inderdaad daardie Yahweh wat Homself aan Moses bekend gemaak het in die gedaante van ’n Engelewese in die braambos en toe Hy Sy Naam aan hom bekend gemaak het, maar in die Nuwe Verbond, verklaar die Engel baie duidelik sy Nuwe Verbondsnaam (Yeshua). En dit is hierdie Naam, of ons dit nou in Grieks, Latyn, Siries, Kopties, Afrikaans of Engels sou aanwend, waardeur ons nou gered word omrede hierdie Naam die Naam is waarin elke knie sal moet buig (Fil. 2.7-11). Dit is dan die Nuwe Verbondsnaam waarvan die *Openbaring van Johannes* melding maak en dit is ook die Naam waarmee ons bekleed moet word in die doop AS ons ten minste die doel van die Nuwe Verbond doop (inlywing in die Liggaam van Jesus) enigins wil of kan begryp (Gal. 3.27; Rom. 6.4; Kol. 3.17)!

Nou leef ons nie meer deur die Ou Testamentiese wette en voorskrifte nie, alhoewel dit die spieëlbeeld van God bly omrede die Ou Testament die onderbou van die Nuwe is en sal bly tot in alle ewigheid weens die openbaring van God en Sy Christus daarin verskuil. Maar nou, aan die hand van die geopenbaarde Christus in die Nuwe Testamentiese bedeling, sien ons Hom wie neergedaal het by Manóag, by Dawid op die dorsvloer van Aruna, by Joshua voor die inval in Jerigo en soos wat die Elohistes inderdaad hom vermeld met betrekking tot die Ou Testament, as dieselfde Een wat opgevaar het in die hoogte!

Dit is dan inderdaad volgens Paulus van Tarsus se lering, naamlik dat “Hy wat neergedaal het, IS dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring” (Ef. 4.10). En na wie anders verwys die apostel Paulus hier as Jesus, Seun van God wie dan ook in die Ou Testament as Tussenganger tussen die onsienlike God en Sy volk opgetree het?

En dit is die Naam wat ons moet heilig en waarin ons nou onder die Nuwe Verbond-bedeling waarin die Oue vir altyd opgeneem is (!), die siekes gesond moet maak, dissipels moet doop, duiwels moet uitdryf en gevangenes uit hulle gebondenheid moet vryspreek (Mat. 28; Mar. 16; Hand. 2.38). Dit is dan die uitvoering van (die inwerkingstelling) God se opdragte wat die heel belangrikste is en wat

ons dan onder die Nuwe Verbond-bedeling onder een Hoof versamel, naamlik Christus Jesus, wie gekom het om Jood sowel as Heiden onder een Verbond te versamel (Ef. 1.10; Gal.5; Open. 2.15 – beslis verwysend na die Naam van Jesus (Open. 2.17 en Open. 19.13+). Dit behoort tog duidelik te wees dat die Naam van Jesus, die Verlosser, in bloed gedoop was (dit verwys dan duidelik heen na die Kruisdood van Jesus, dit is volgens vers 13 want Jesus was en is inderdaad “die Woord” van God); volgens Open. 2.17 word `n keursteun aan die draer wat oorwin gegee met `n nuwe naam daarop geskrywe “wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.”

Vergelyk nou Open. 2.17 dan weereens met Open. 19.13. Ons behoort ook daarop te let dat `n keursteun gewoonlik `n geheime boodskap oordra omrede die draer slegs een gedeelte van die steen van die skenker kry en in hierdie geval hou God natuurlik dan as bewys van Sy erkenning teenoor die draer van die steen, die ander gedeelte. God weet dan presies wie waarlik aan Hom behoort en veral omdat Sy Seun se Naam deur die draer (die verlose) besit word. Die Lewe is tog in die Seun (1 Jn 5.12) en die Seun is tog die Weg, die Waarheid en die Lewe tot God die Vader, nie waar nie (Jn. 14.6)? Dit is dan geen wonder dat die apostel Johannes so pertinent verklaar : “En dit is die gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons `n gebod gegee het”.

Die naam wat “niemand” ken nie behalwe die draer self, is dan duidelik daardie een wat weet dat die Nuwe Verbondsnaam [Fil. 2.7-11) en waarin die verlossing vasgemaak word (1 Kor. 6.11)] krag dra en dat hierdie “gewone naam” wat volgens Petrus “onder die mense geneem is” en aan Hom gegee is, naamlik Yeshua of Jehoshua (Yehoshua), selfs Joshua op Engels maar merendeel in verwysing na Jesus deur die Jode) groot krag dra!

Nou die Nuwe Verbondnaam sal vir die algemene sondaar wat nog nie tot bekering en Geesvervulling gekom het nie, wel geen waarde inhou nie maar vir daardie een wat die Naam liefhet en Sy boodskap gehoor en geglo het, vir so een sal dit `n kosbare Naam wees al sou dit nie spesifiek die noem van die Hebreuse/Aramese “Yeshua” wees nie.

Die Krag wat dan in daardie Naam uitgestort is deur die werking van die Gees, en soos wat dit bevestig was in die Bovertrek (Hand. 1.8; Hand. 2) en toe hulle Jesus verheerlik het tydens die toesakking van die Heilige Gees in vele tale, sal dan kosbaar bly tot in alle ewigheid vir die wat gered is en wie die apostoliese getuienis geglo het en nogsteeds glo! (1 Kor. 15.1-2).

Visioen oor die gekruisigde Jesus

Wil jy graag meer weet oor `n visioen wat `n ware werker van God gehad het oor die gekruisigde Jesus en sy kommentaar oor Sy voorkoms? Gaan dan gerus na -

Christian Jewish Studies – dan na Belydenisse binne die Christendom – Boek 2, Die Veelbesproke Jesus” en die visioen soos dit vertel word, sal in die Inhoudsopgawe of in die voorste gedeeltes van die boek te lese wees. Hierdie man het Jesus herhaaldelik en verval gedurende droë vas en gebed in visioenverskynings gesien. Sy kommentaar was: “Hy lyk glad nie soos wat die mense hom in die algemeen in prente uitbeeld nie”. Dit was met verwysing na hierdie spesifieke visioen oor die gekruisigde Jesus. Daar is ook ander beskrywings van Jesus soos wat Hy dit ervaar het in sy visioenverskynings, met ander woorde dan nie net met Sy kruisiging in gedagte nie maar as die opgestane Jesus.

*Nota: Hou in gedagte dat die heidense volkere toe in algehele duisternis gesit het. Raadpleeg gerus die *Boek van Jesaja* oor “die volk wat in duisternis sit” en wat baie duidelik op die heidendom dui.

Hulle sou dan eers met die koms van die Seun van God tot insig en geestelike ontwaking kom. Die iota-uitspraak gekoppel aan Ie-ay-sous uitspraak behoort ook moontlik dan wel met die sagteasem, verskuilde J-uitspraak in gedagte (weens die assimilasië tussen ie- en ay daaraan gekoppel) aanvaarbaar te wees en veral as ons die ay êta-klank sou verleng soos in “sê” en daaropvolgens die “ay”.

Sou ons ook na `n Hindoe luister wat sy god sou aanspreek, sien ons dadelik dat dit respekvol gedoen word en hulle sal die aanspreekvorm dan seker in geskrewe vorm met `n hoofletter bedeel. Tog is dit juis met hierdie saak in gedagte wat ons as Christene weet dat daar wel `n onderskeid is in aanbidding is en om hierdie rede behoort ons die konnotasië van God in Christus nooit agterweë te hou nie, dit is om dan die Naam van Jesus, Seun van God, ook te noem nie. Sou ons dit nalaat, kan ons maar net sowel `n onpersoonlike “God” aanbid. God word dan inderdaad meer in verwysing as in aanspreekvorm gebruik want Paulus gee ons tog `n baie goeie voorbeeld van hoe hy sy knieë voor die God en Vader van Jesus Christus buig. Sou ons God egter direk in aanbidding aanspreek, sal ons tog sekerlik dan deur Jesus na God toe gaan. En dit word dikwels ook gedoen deur gelowiges. Hierdie tipe praktiese uitlewing van ons geloof in die Almagtige, soos wat Paulus die voorbeeld vir ons gestel het, is dan wel `n goeie riglyn wat ons beslis kan beoefen en sodat ons deurlopend aan die Naam wat God bo elke Naam verhef het, lof en eer kan bring (Ef. 1.21; Kol. 3.17; Fil. 2.7-11).

Ester Blomerus

www.housealtarnetwork.com :

Volgelingen van Jesus Christus (1957)

2015/05/03

Geredigeerde weergawe (2015/05/12).